PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **5 MAART 2013**

PIETERSBURG

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Bertus Visagie Tel. No. 083 495 5134 e-pos: bvisagie@vwpolokwane.co.za
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming** | |
| | Rudi Myburgh heet almal teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Voorlees van Doelstellings** | |
| | Rudi lees die Doelstellings van die Vereniging voor. | Almal |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies** | |
| | Stephan Coetsee, Ockert Fourie, Gerhardt de Villiers, Johan Kapp, Bertus Visagie, Ben Redelinghuys, Augest Thom, Braam Els, Eddie Bronkhorst, Kobus Bekker, Adrian Wreyford | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List** | |
| | Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| **1.5** | **Mosies / Motions** | |
| | Geen mosies is genotuleer nie. | Almal |
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence** | |
| | 1.6.1. Chasa nuusbrief rakende Intervereniging skietkompetisie van 16 April 2013 – Neem kennis. | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes | Almal |
| | Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 5 Februarie 2013. | |
| | 1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes | |
| | Geen regstellings is genotuleer nie. | |
| | 1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by | |
| | Decs de Jager | |
| | 1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by | |
| | Stan Rodgers | |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake** | |
| | 2.1 The South African Conservation Success Stoty DVD. | |
| | 2.2 Addisionele poste op bestuur. | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.9.1 BJV Jeugaksie | |
| | Stan Rodgers rapporteer dat daar geen aksies plaasgevind het sedert die laaste vergadering nie. Die punt sal in die toekoms van die agenda verwyder word. | Stan Rodgers |
| | 1.9.2 Skietbaan | |
| | Rudi rapporteer dat daar vordering is met die onderhoud op die baan. Die hek werk. Daar gaan ook `n inligtingsbord by die hek opgesit word. Tans is werk aan die gang op die 50m baan. Daar word ook beplan om nuwe tafels met stoele op die 100m baan op te sit. Rudi rapporteer verder dat die baan op Maandae gesluit sal wees vir besoekers. Lede met tags sal wel toegang hê. Lede word ook gevra om geduldig te wees as Wilson sy werk doen, asook om die register te voltooi. Skuts is ook self verantwoordelik vir veiligheid. Ander skuts wat nie veilig optree nie mag aangespreek word. | Rudi Myburgh |
| **1.10** | **Opleiding / Training** | |
| | 1.10.1 Chasa kursus – 9 Maart 2013 | |
| | Stan rapporteer dat die kursus om 8:00 begin. Lede wat die kursus nog wil doen moet hulle name by Debbie gaan opgee. Koste is R200.00. | Almal<br>Debbie |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br>1.11.1 Algemeen<br>Rudi versoek weer dat bewyse van jagte en ander aktiwiteite so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Toegewyde jagters se ledegelde vir die 2012/13 jaar moes voor die einde van November 2012 betaal gewees het. In 2011/12 het 13 lede nie aan die vereistes vir `n Toegewyde Jagter vodoen nie. Die lede is verwittig en hulle name is aan die einde van Februarie 2013 aan die SAPD gestuur word.<br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Rudi Myburgh rapporteer dat daar een nuwe aansoek was gedurende die afgelope maand. | Toegewyde Jagters<br><br>Almal |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report**<br>Aangesien Ben Redelinghuys verskoning gemaak het word daar geen verslag gelewer nie. | BRedelinghuys |
| **1.13** | **Sosiaal / Social**<br>Almal word uitgenooi om te kom saam eet na die vergadering. Jaco Jooste het `n potjie gemaak. Jaco en sy span word ook bedank vir die puik diens tydens skietdae. | Almal |
| **1.14** | **Skietdae**<br>1.14.1 Chasa Posliga (Terugvoer) – 16 Februarie 2013<br>Rudi rapporteer dat die dag goed bygewoon is en `n sukses was. Die name van skuts word aan Chasa gestuur wat dit op `n ranglys plaas. Rudi lees die name van die wenners voor.<br>1.14.2 Chasa Skietdag – 23 Maart 2013<br>Rudi bevestig dat 23 Maart se skietdag die Chasa rooibok teiken sal wees. Tydens die dag kan lede hulle Chasa praktiese skiettoets aflê. Die .22 posliga sal ook plaasvind. | Dennis Traynor<br><br>Dennis Traynor |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **The South African Conservation Success Story DVD** | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 2.2 | Rudi noem dat die DVD teen R100.00/DVD by Debbie beskikbaar is.<br><br>**Addisionele poste op die bestuur**<br><br>Frans Roos versoek dat die volgende ampte op die bestuur moet bykom:<br>• Jaggeleenhede<br>• Trofeemeting/Herlaai<br><br>Rudi noem dat jaggeleenthede op die webwerf geplaas word. Decs de Jager bied egter ook aan om die verantwoordelikheid op hom te neem om jagplekke aan lede deur te gee en `n lys by te hou.<br><br>Rudi bevestig dat NW Ligthelm op die bestuur is en verantwoordelik is vir trofees. Lede wat trofees wil inskryf vir die kompetisie neem dit na NW om te meet. Daar moet egter aan hom genoem word dat die trofee ingeskryf moet word. Lede wat herlaai se name en kontakbesonderhede sal op die webwerf geplaas word. | Almal<br><br>Decs de Jager<br><br>NW Ligthhelm<br><br>Rudi Myburgh |

**3. ALGEMEEN**
**GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| | Geen bespreking is genotuleer nie. | Almal |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal plaasvind op 9 April 2013 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi Myburgh bedank almal vir hulle insette gedurende die vergadering. Almal word uitgenooi om saam te kom eet en sosiaal te verkeer. Rudi sluit die vergadering met `n gebed af. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

Sekretaris Datum

Voorsitter Datum